



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 10 September 2020

Gedagte van die week:

Die smal weg se mense lewe met wye harte!

Vertrekpunt:

Matteus 18:21-35

Meditasie uit die teks:

'n Mens kry mos "net"-mense. Hulle werk n t tussen agt en vyf en daarna vra hulle oortydbetaling. Hulle doen n t hulle werk en as hulle noodgedwonge ander se werk moet doen, kal hulle. Hulle help n t hulle vriende en hulle was n t hulle karre en hulle stryk n t hulle klere en hulle dra n t hulle borde van die etenstafel na die wasbak en hulle doen n t iets as hulle gevra of gesmeek word. Hulle leef nou en benoud. Hulle kyk met hoe min insette hulle kan verbykom. S  kan 'n mens nie op die smal weg leef nie, want s  leef ons Kaptein en Reisgids, Jesus Christus, nie. Hy stop langs die pad by wildvreemdes. Hy stap die tweede en ekstra myl. Hy gee bo- en onderklere. Hy maak kos sodat 12 mandjies oorbly na die ete. Hy maak die le  bootjie oorlopens toe vol van visse. Hy gee sy liefde  n sy lewe! Oorvloedige Jesus. Daarom word Petrus in ons teks vermaan tot oorvloedige 70x7. Daarom sou Petrus mettertyd ontdek dat nie n t sonde teen my vergewe moet word nie, maar alle sonde. Daarom sou Petrus later besef dat dit nie n t oor my broer gaan nie, maar oor almal. 'n Mens kan nie met 'n "n t"-lewenshouding op die smal weg leef nie. Die vraag op die smal weg is eintlik, "Hoe wyd en breed en oop kan jy leef?"

Youtubeskakel:

Hier is jou skakel na Sondag 13 September 2020 se reisgesprek. Jy is welkom.

<https://youtu.be/IBDR85x9qnw>

Meditasie uit die lewe:

Dit is darem maar moeilik om 'n mens se geloof konsekwent buite die mure van kerkgeboue en binnekamers te leef. Ek was hierdie week in gesprekke waar ek sinne hoor soos:

- Hierdie man het ons organisasie voorheen verlaat en weer teruggekom ... ek kan hom nie ondersteun as kandidaat vir bevordering nie.
- Hierdie vrou werk van die huis af in COVID-tyd terwyl ander op die perseel moet werk ... in my o  het sy haarself gediskwalifiseer.

Ek het soveel begrip vir hierdie persone se frustrasie en daaropvolgende denkwyse, maar ek wonder of dit aan die eise van die evangelie voldoen. Ons maak mos almal foute en is mos almal afhanklik van genade. Nie een van ons kan "bevorder" word tot die hemel as ons nie iewers genade kry nie. Ons almal het iewers iets gedoen wat ons diskwalifiseer vir die hemel. Ons almal is afhanklik van vergifnis. Ek besef hoe moeilik dit is om die koninkryk van die hemel te laat kom op en in die koninkryk van die aarde. Hiervoor het 'n mens besondere genade nodig. Die grootste uitdaging vir ons geloof l  beslis buite die mure van kerkgeboue en binnekamers en nie daarbinne nie. Ek het nou meer genade vir toegewyde christene wat in die besigheidsw reld hulle geloof probeer leef. Dit is nie s  eenvoudig as wat 'n mens mag dink nie byvoorbeeld, "Waar eindig genade en waar moet ek dra aan die gevolge van my dade?" En dan is ek weer terug by Petrus se vraag, "Hoeveel keer ...?" Die antwoord binne die kerkgebou se mure is makliker as daarbuite!!! Ek bid vandag vir christendirekteure van groot maatskappye ... mag God hulle se n met besondere wysheid.

Uitnodiging van die leraars

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming insluit by die nuusbrieff.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net